

**Nederlandse Bronnepublikasie met Parallele Engelse Vertaling:
'n Belangrike Nuwe Bydrae tot die Geskiedenis van
Kaapse Wyn en die Kaapse Samelewing**

G.J. Schutte (red.), “Hendrik Cloete, Groot Constantia en die VOC, 1778-1799. Dokumente uit die Swellengrebel-argief”, *Van Riebeeck-Vereniging*, 2, 34
Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad, 2003

336 pp

Illustrasies, bibliografie, persoons- en pleknaamregister

ISBN 0 958 45221 0

Prys nie vermeld nie

Was Hendrik Cloete, “Heer van Nooitgedagt en Constantia” en volgens lady Anne Barnard die rykste man aan die Kaap teen die einde van die agtiende eeu, ’n slim wynboer, ’n sluwe sakeman of ’n stewige en betroubare Kaapse burger?

Die Amsterdamse kenner van die Kaapse geskiedenis, Gerrit Schutte – wat reeds in 1983 ’n bundel briewe van Hendrik Swellengrebel Senior vir die Van Riebeeck-Vereniging geredigeer en ingelei het – het hierdie vier-en-dertigste teksuitgawe van die Vereniging se tweede reeks op sy gewone deeglike en voortreflike wyse versorg. Daarmee het hy ’n belangrike nuwe bydrae tot die kennis van sowel die geskiedenis van Kaapse wyn en die Kaapse samelewing, as die persoon van Hendrik Cloete gelewer. Die tot dusver geslote en min gebruikte versameling briewe van Hendrik Cloete wat in die privaatbesit van die Swellengrebel-familie in Nederland is, is nou vir die eerste keer vir navorsers en belangstellendes in die oorspronklike taal toeganklik gemaak. ’n Parallele Engelse vertaling beteken dat die tekste aan ’n wye

publiek beskikbaar gestel word. Die indeks ontsluit die teks ten volle, terwyl die handige lys verklarende terme die onbekende begrippe van daardie tyd netjies omskryf. Engelse lesers mag wel 'n probleem ervaar omdat die Engelse ekwivalente betekenis nie voorsien word nie.

Hierdie belangrike bronne bevestig, soos Schutte tereg beklemtoon, dat die verlede anders is en om, asook in, sy andersheid verstaan moet word. Tog bly twee elemente universeel – die ekonomiese stryd om wins en persoonlike bevoordeling, en die rol van die individu. Om hierdie rede werp die bronne belangrike lig op die ekonomiese lewe aan die Kaap, in besonder die wyse waarop 'n enkele individu in die pioniersdae van die wynbedryf sy wynbelange bevorder en ontwikkel het, op die sosiale aard van die Kaapse samelewing met die rol wat 'n standebesef en die bestaan van slawerny gespeel het, en op die mens Cloete.

Daar is al heelwat oor die geskiedenis van die wynbedryf en Constantiawyne geskryf en in dié publikasies kom die naam Hendrik Cloete gereeld voor. Die mens Cloete tree egter nie in hierdie werke uit die ink na vore nie. Die bondige artikel oor hom in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* verstrek die noodsaaklike gegewens, maar die persoon van Cloete bly altyd versteek agter die wynpolitiek en die produksie- en verkoopsyfers. Hierdie is die eerste publikasie waarin die persoonlikheid van Cloete aan die hand van sy eie geskrifte, nader bekyk kan word. Schutte waarsku egter dat 'n mens nie te veel moet lees in veral die vertoë wat Cloete tot die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) gerig het nie, omdat dit in die oordrywende burokratiese styl van die tyd geskryf is en eerder konvensies as persoonlikheid verteenwoordig. Sy briewe aan sy persoonlike kennis en vriende soos Hendrik Swellengrebel Junior en Adriaan van Schoor, is meer ophelderend. Hulle kritiese houding teenoor Cloete se manhaftige en oordrewe aanspraak en oordoenigheid in sy pogings om die VOC van sy ekonomiese noodtoestand te oortuig, terwyl hy in werklikheid besonder welvarend was, help om perspektiewe op sy persoon te ontwikkel. Dit is opvallend hoe Cloete se aanslag teenoor Swellengrebel wissel van 'n amper romantiese verwysing na hom as “vriendlief” (Dokument IA) tot die streng saaklikheid van 'n egte saketransaksie (Dokument XI).

Schutte bied nie 'n karakterskets van Cloete aan nie, maar wys wel op bepaalde eienskappe wat uit die korrespondensie afgelei kan word. Lady Anne Barnard se uitspraak oor Cloete as die rykste man aan die Kaap word ook nie bevestig of ontken nie. Die feit is dat hy in sy boedel naas al die losgoed, vyftien plase, 'n woonhuis en 'n stoor in Kaapstad nagelaat het. Dat hy ryk was en besonder standbewus, laat geen twyfel nie. Schutte weerlê die aanspraak dat hy trompetterarm was toe hy begin het, maar bevestig dat hy hom inderdaad tot skatryk opgewerk het. Hy het dit deur gunstige transaksies, deeglike bestuur, slim landbou en die nuttige aanwending van vriende, kennis en kontakte bereik.

Tog het hy ook as 'n sluwe sakeman opgetree. In sy formele skriftelike onderhandelinge met die VOC in Nederland het hy die indruk gewek dat hy in alle transaksies aan die kortste end getrek het, dat hy onbillik behandel is en dat, indien die VOC hom net wou betaal vir wat hy aan hulle gelever het en hom wou toelaat om sy wyn op die vrye mark te verkoop, hy in staat sou wees om 'n behoorlike bestaan te maak. Terselfderyd was hy een van die gasvryste onthalers van belangrike besoekers aan die Kaap! Die Kompanjie se beperkende maatreëls het hy op allerhande wyses

probeer omseil. Hy het byvoorbeeld eensydige syfers oor die produksie op Constantia opgegee en goeie Constantiawyne onder die etiket “maagwijn” na Europa uitgevoer.

Teenoor sy slawe het hy besonder simpatiek opgetree en in sy testament is vir die versorging van ’n hele aantal by die naam voorsiening gemaak (pp 296-308). Parstyd het hy saam met sy slawe in die wynkelder gewerk en persoonlik toesig oor hulle gehou. Daar het hy hulle goed leer ken en is heelparty van hulle bevordering gebied. Daar is geen melding van slawe-onrus of wrede praktyke nie. Schutte beskryf die verhouding as ’n patriargale een. Die beeld wat uit die dokumente voortkom is dat die slawe op Groot Constantia redelik behandel is. Cloete het klaarblyklik geen poging aangewend om sy slawe te kersten nie.

As burgerlike het Cloete ’n leierspossie in die samelewing beklee. Hy het na vore getree as een van die sterk pleitbesorgers vir vryhandel en leier in die verset teen die Kompanjie se monopolistiese praktyke. Dit op sigself regverdig hierdie publikasie omdat dit lig werp op die stryd wat entrepreneurskap aan die Kaap moes voer. Die koms van die Britse Bewind in 1795 het nie vir Cloete noemenswaardige verligting gebring nie. Hy moes nog steeds sy dertig aam wyn per jaar aan die regering lewer. As heemraadslid en ouderling het hy ’n leiersrol vervul.

Cloete was ’n gekultiveerde man wat ook Frans en Duits magtig was. Hy het moeite gedoen om kontakte in Europa, en veral in Nederland, op te bou en het belangrike Europese en Bataviese besoekers onthaal om ’n netwerk van invloed op te bou. Oor sy lewensbeskouing is min bekend – dit is as sakeman en boer wat hy in hierdie dokumente na vore tree. Hy het hom nie oor lewensvraagstukke of belangrike openbare kwessies, soos die Britse oorname van die Kaap in 1795, uitgespreek nie.

Dit is verblydend dat die Van Riebeeck-Vereniging vir die eerste keer weer die oorspronklike Nederlandse teks van die bronne publiseer, met ’n Engelse vertaling daarnaas. Lees ’n mens die twee tekste naas mekaar, beseft jy opnuut (soos Schutte dit self ook stel) hoe belangrik dit vir die ernstige historikus is om bronne in die oorspronklike taal te lees. Daar is nuanseverskille wat net nie deur vertaling opgelos kan word nie. Die tekstuur, die mentaliteit, die impak van die oorspronklike woordgebruik is dikwels nie herhaalbaar of ten volle verstaanbaar in ’n vertaling nie. Dit is daarom steeds jammer dat die Van Riebeeck-Vereniging nie die Adam Kok-dokumente wat deur Karel Schoeman geredigeer is, in die oorspronklike Griekwa-Afrikaans uitgegee het nie. Cloete se briewe toon al duidelike oorgange na Afrikaans en maak dit ook ’n nuttige bron vir taalhistoriese studie. Bygesê dat die finansiële steun van die Groot Constantia Trust en die persoonlike bemoeienis van dr. D.P. de Villiers, eertydse voorsitter van die Trust, asook die steun van Het Jan Marais Nationale Fonds en die Van Coevorden Adriani Stichting die uitgee van hierdie publikasie moontlik gemaak het. Dit kan bestel word van die Van Riebeeck-Vereniging, Posbus 15151, Vlaeberg, 8018.

Pieter Kapp
Navorsingsgenoot
Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat